Donderdag 9 April
Skrifgedeelte: Genesis 16
Fokusgedeelte Genesis 16:2-10
God sien uit genade die mens in sy nood aan

Hoe dikwels bevind ons nie onsself in situasies waar ons ongeduldig raak en self probeer om dinge te laat gebeur nie? Dit was presies wat met Abram en Sarai gebeur het. God het aan Abram die belofte gegee dat hy ’n groot nageslag sou hê. Maar toe die jare aanstap en daar geen kinders kom nie, besluit Sarai om self ’n plan te maak. Sy gee haar slavin, Hagar, vir Abram sodat hy deur haar ’n kind kan hê. Hierdie menslike plan het egter nie vrede en vreugde gebring nie, maar pyn, jaloesie en konflik.

Hagar, die swanger slavin, begin Sarai minag. Sarai word woedend en behandel haar sleg. Abram, wat passief bly, los die probleem in Sarai se hande. Uiteindelik vlug Hagar na die woestyn toe – alleen, bang en sonder hoop. Maar dan gebeur iets wonderliks: God self verskyn aan Hagar. Die Engel van die Here roep haar by die naam en sê vir haar dat God haar swaarkry gesien het. Hy gee aan haar ’n belofte van 'n seun en ’n groot nageslag.

Hier leer ons iets belangrik: ons eie planne, gemaak buite God se wil, bring verwarring en seer. Maar God is getrou. Hy bly genadig – selfs in die gemors wat ons veroorsaak. Hy sien die een wat ander miskyk. Hy gee hoop waar mense net moedeloosheid nalaat.

Daarom, wag op die Here. Vertrou op sy tyd. As jy dalk in jou eie “selfgemaakte woestyn” sit, weet: God sien jou. Sy genade is groter as jou foute. Sy planne faal nooit.

*Sing: Psalm 107-1:1, 3*

*Ds. Peet J van der Walt (Emeritus)*